



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Die Bybel en ons volkslewe

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆⇒Christelike opvoeding,
- ◆⇒Christelike onderwys en
- ◆⇒Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreekw. 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

Boodskap – “My boog het ek gegee in die wolke!”

SKRIFLIG

“Die HERE is Koning; Hy is met hoogheid bekleed. Die HERE is bekleed, Hy het Hom met sterkte gegord. Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie.” (Psalm 93: 1).

Geen boog van belofte in die donker en bewolkte tye van die hede is heerliker as dit nie: God – *my God* – die God wat onse Here Jesus na die wêreld gestuur het, reël alle dinge en bestuur alles my ten beste. Wanneer Hy wolke oor die aarde bring dan voer hy ook die gelowiges genadiglik daardeur. Sy koninkryk regeer oor alles. Wanneer ons mees geliefkoosde planne verydeld word, ons mooiste blomme verwelk in ons skoot lê, laat dan hierdie oortuiging al ons tot swye bring: “Die Here is in Sy heilige tempel; toeval, ongeluk, noodlot, vind geen plek in die Christen se geloof nie”. Ons geloof is geen skip sonder roer, aan die storms oorgelewer, geen drenkelinge oorgelaat aan die woeste golwe nie. Vir alles wat die Christen oorkom, het hy maar één verklaring: “U o Heer! doen dit, en daarom sal ek swyg en my mond nie open nie!”

Die dood skyn in ons dag vir baie mense die mees toevallige gebeurtenis te wees. Dit is nie so nie. Die sleutel van die doderyk is in die hande van dieselfde God wat die hele skepping regeer. Let maar op die gelykenis van die vyeboom. Sy voortbestaan of wegneming is in die hand van die Heer: die byl kan nie aan die wortel gelê word sonder dat God die volmag daartoe gee nie!

Hoeveel te meer sal dit die geval wees met ons as Sy kinders.

Daarom geliefdes, laat dit ons strewe wees dat ons wil in Sy wil oppaen; laat ons ons stil in Sy hand oorgee – die bitter sowel as die soet daaruit ontvang – wetende dat die kelk deur Hom gevul word, wat geen enkele druppel daar sal byvoeg wat nie tot ons beswil strek nie.

Verwonder dit ons dan dat die Psalmis van Israel die oë van die hele wêreld wil vestig op die boog van belofte, toe hy die hemel verduister gesien het. Die HERE regeer: “Vas staan u troon van ouds af; van ewigheid af is U.” (Psalm 93: 2).



IN HIERDIE UITGAWE

| | |
|-------------------------------------|----|
| Die Statebybel | 3 |
| Die Bybel in die skool..... | 5 |
| Christelike wetenskap | 7 |
| Wat sê die Bybel oor volkwees | 11 |
| Vakmateriaal vir skole | 13 |

Redaksioneel

In die Augustus-uitgawe hiervan is met die tema: “Die Bybel in ons volkslewe/ kerklike lewe” ’n begin gemaak. Die redaksie oordeel dat hierdie tema in die 75ste herdenkingsjaar van *Die Bybel* in Afrikaans om hierdie rede belangrik genoeg is om ’n reeks van meer as een uitgawe daaraan af te staan. Terselfdertyd tref dit so dat omstandighede in ons volks- en kerklik-godsdienstige lewe vereis dat op die plek en betekenis van *Die Bybel* gefokus word. Terwyl ons vorige uitgawe meer van ’n histories-grondliggende beeld en aanslag weergegee en bevat het, was dit ook die bedoeling dat op die verskuiwing in benadering wat met verloop van tyd ingetree het, gewys word.

Die wyse waarop met *Die Bybel* as God’s Woord omgegaan word, het diepgrypende en wydlopende implikasies vir die godsdienstige en morele welstand van die volkslewe en uiteindelik ook al die terreine waarop die volkslewe manifesteer, hetsy die ekonomiese, geskiedkundige, maatskaplike, kulturele, onderwys en wetenskaplike, staatkundige, asook kerklik-godsdienstige. Die geheel van die volkslewe wil in hierdie reeksaflevering in oënskou geneem word. Al-


hoewel in die breë na die stand van ons volkswees ondersoek ingestel behoort te word, word sommige kritiese terreine, soos die gesinslewe, onderwys en wetenskap, waarby ons Vereniging immers ’n uitdruklike belang het, uitgesonder, terwyl dit geensins die bedoeling is dat van die ander daarmee geïgnoreer wil word nie. Enigeen van hierdie terreine kan trouens geneem en die relatiewe welstand, of gebrek daaraan, teenoor enige ander opgeweeg word, om die geldigheid van die ondersoek te toets. Die vraag wat ons wil beantwoord is: of met stelligheid verklaar kan word dat dit op enigeen van die terreine van ons volkshuishouding, bedoelende dié van die Christen-Afrikaner, werklik gaan soos dit behoort te gaan.

Daar hoef egter nie ’n grootskaalse en uitgebreide ondersoek geloods te word om vas te stel hoe dit tans met ons volkslewe gesteld is nie. Ons kan vir die doel hiervan bloot die gesin as die kerneenheid waaruit die groter huishouding van ons volk opgebou en saamgestel is, as maatstaf vir beoordeling neem. In ons hedendaagse volkslewe sal ons tot ’n groot hoogte ’n weerkaatsing vind van hoe dit in die Afrikanergesin van 2008 gaan. Vanuit die gesin kan die lyn na

die terrein van die onderwys en universiteitswese getrek word, wanneer ons wil vasstel of die lewenskrag van die gesinslewe so ’n onweerstaanbare invloed op die samelewing uitoefen, dat dit onstuitbaar meebring dat teen wil en dank vir Christelike onderwys en wetenskap voorsiening getref moet word. Of is dit ’n geval dat die invloed van die huisgesin in ons samelewing soos dit tans staan, buite rekening gelaat kan word?

In Josua 24:15 maak Josua die trefende uitspraak: “... maar ek en my huis, ons sal die Here dien”, waarin hy hom nie van die volk waarvan hy onherroeplik deel is distansieer nie, maar slegs die beginsel stel wat in terme van die verbond van krag is, wat in die geval van sy gesin as ’n opregte verklaring van liefde en trou teenoor die Here gesien kan word. So kan elke gesinshoof ook nie namens die hele volk verantwoording neem nie, maar hy doen dit ten opsigte van sy eie huisgesin. Hierin vind ons egter ’n groter beeld, naamlik dat wat in die huisgesin gebeur, bepalend sal wees vir wat in die meerdere verband van die volk moet gebeur. Insgelyks neem gesinshoofde deur die eeue heen die verantwoordelikheid vir hulle gesinne teenoor die Here, maar in effek daarmee ook vir die volk waarvan hulle deel is, en word wát die gesinshoof belowe en onderneem (soos o.m. by die doopvont) wesenlik ook ’n belofte en onderneming teenoor die eie volk. Derhalwe moet ons Josua se verklaring in hierdie sin as norm vir gehoorsaamheid sien van wat van ’n gesinshoof, wat deel van ’n Christelike volk is, verwag kan word. In die Bybelse heilsgeskiedenis is dit dan ook telkens die hoofde van gesinne/families wat vermeld word, en tot gehoorsaamheid opgeroep was.

In hierdie uitgawe verskyn die tweede bydrae oor die Bybel in die skool/onderwys, waarin leerlinge en ouers aan die woord kom, asook die eerste van twee bydraes oor die Bybelse volksbegrip en die primêre doel van Christelike wetenskap, benewens ander bydraes.



Die Statebybel – grondslag van ons volkslewe

- Prof. A.W.G. Raath

God se geskenk aan die Nederlandse volk

Die Statebybel of Statevertaling is die naam wat gewoonweg aan die vertaling van die Bybel in die Nederlandse volkstaal gegee word. Die eerste uitgawe het in 1637 verskyn, met die volgende bewoording op die titelblad: "Nu eerst Door last der Hoogh-Mog. Heeren Staten Generael van de Vereenighde Nederlanden, en volgens het Besluit van de Synode Nationael, gehouden tot Dordrecht, inde Jaeren 1618 ende 1619 Uyt de Oorspronckelijcke talen in onse Nederlandsche tale getrouwelyck overgeset".

Vóór hierdie Statevertaling is die sogenaamde Deuxaes-Bybel, wat in 1562 te Embden verskyn het, en sedertdien talle herdrukke beleef het, gebruik. Dié vertaling is egter nooit met entoesiasme in Nederland aanvaar nie. Reeds nege jaar na die verskyning van hierdie Bybel in 1571 op die Algemene Sinode te Embden is 'n versoek vir die vertaling van die Bybel gerig. Op die Partikuliere Sinode te Dordrecht van 1574 word die vraag na 'n beter vertaling van die Bybel weereens geopper.

Dit was egter eers tydens die Sinode te Dordrecht in 1618 - 1619, dat besluit is om 'n vertaling uit die grondtale te onderneem. Van die riglyne wat vir die vertaling neergelê is was: by elke boek en elke hoofstuk sou 'n kort inhoudsopgawe gegee word, die gelykluidende verwysings sou aan die kant van elke bladsy vermeld word; kort verklarende aantekeninge sou opgeneem word; die Apokriewe Boeke, met eie paginerings, sou agterin die Bybel verskyn; die vertalers sou te Leiden hul arbeid verrig. Tot vertalers van die Ou Testament is benoem Johannes Bogerman, Willem Baudartius en Gerson Bucerus met as plaasvervangers Antonius Thysius, Jacobus Rolandus en Herman Faulkelius; tot vertalers van die Nuwe Testament en die Apokriewe Boeke Jacobus Rolandus, Herman Faulkelius en

Petrus Cornelii met as plaasvervangers Festus Hommius, Antonius Walaëus en Jodocus Hoingius. Uit elke provinsie is voorts een hersiener vir die Ou en één vir die Nuwe Testament aangewys.

In werklikheid het die vertaalwerk eers in 1626 begin. Cornelii en Faulkelius was toe reeds oorlede en is deur Walaëus en Hommius vervang. In 1628 was die Evangelie volgens Mattheus vertaal. In 1630 was die vertalers gereed met die historiese boeke, vir die Nuwe Testament met die Sinoptiese Evangelies, en is die werk met ywer voortgesit. Intussen sterf Rolandus en Bucerus in 1631, maar in 1634 was die vertaling van die Nuwe Testament afgehandel.

Die Statevertaling is deur Machtelt Aelbrechtsdochter uitgegee, weduwee van Hillebrant Jacobsz. van Wouw te Leiden, aan wie die burgemeesters van Leiden die oktrooi, wat hulle van die vertalers ontvang het, oorgedra het. Die drukwerk is deur Paulus Aertz. van Ravensteyn gedoen, wat met die oog daarop sy drukkerij van Amsterdam na Leiden verskuif het. In 1635 is met die druk van die Ou Testament begin, en in 1636 is dit gereed; in 1637 was ook die Nuwe Testament afgehandel en in dié jaar is die eerste eksemplaar, in pers fluweel gebind, en aan die State-Generaal oorhandig. F.W. Grosheide skryf: *Die Statevertaling bly 'n baie kosbare besit, waarop ons volk nog altyd trots mag wees. Die Statevertaling het ons volk opgevoed, nog leef hulle daarby, dit is nog 'n band van eenheid, wat – al het die Lutherse hul eie vertaling – die Protestantse Nederland saambind.*

Die erfbesit van die volksplanters en die Boerevolk

Die Statevertaling se invloed het ook wyd in ons eie vaderland neerslag gevind. Dit was hierdie Bybel waarmee die volksplanters in 1652 voet aan wal gesit het; dit was hierdie

Bybel wat in die skeepskiste van die klein skepe was wat die oseane van die wêreld vanuit Nederland aangedurf het; dit was dieselfde Bybel waarmee die Voortrekkers in die wakkere die onbekende binneland ingetrek het. Dit was hierdie Bybel waaruit eerwaarde Erasmus Smit tydens die moeisame oortog oor die Drakensberge sy mede-Trekkers bemoedig het – ook toe die verraderlike moord op Piet Retief in die Voortrekkerlaers bekend word, neem hy sy toevlug tot die Woord vir troos en bemoediging. Toe Sarel Cilliers in Desember 1838 tydens die veldtog teen Dingaan die Bybel oopmaak om uit Rigters 6 verse 1-34 te lees, was dit die Statevertaling.

Die Statevertaling was die Bybel waaruit die huisgodsdienste van gelowige Gereformeerde gelowiges vanaf 1652 tot 1933 in ons vaderland gehou is – deur sowel vreugde as smart heen. Ook in oorlogstyd dien dit as enigste toevlug in onseker en bange tye. In Desember 1880 te Heidelberg was die volk byeen om te besin oor die weg wat hulle moes volg in die volgehoue hardnekkigheid van Engeland om hul verlore vryheid aan hul terug te gee. Weereens was dit die Statevertaling wat ds Van Warmelo oopgeslaan het toe die volk in verootmoediging voor die aangesig van die Here byeen was – ook toe die Voortrekkergelofte herbevestig en die Vierkleur op 16 Desember 1880 gehys is.

Dit was dieselfde Statevertaling wat deur Totius in die loopgrawe te Magersfontein gelees is toe die eerste bomme van die Engelse aanslag in Desember 1899 begin het. Van die wieg tot die graf was die volk met die Statevertaling één. Daaruit is 'n geloofsperspektief geopen wat 'n klein volk in 'n ongetemde en ruwe land deur gevare heen gelei het – daaruit is die staal van 'n volk se geloof getemper op 'n wyse wat die bewondering van die wêreld afdwing het!

HET BOECK DER
PSALMEN.

Wt der Hebreïſcher ſprake in nederduytschen dichte/ op de ghewoonlicke oude wyſen van ſingen/ ouergheſet.

Mitsgaders de heylige ſchriftuerliche loſſangen/ uyt den ouden ende nieuwen Teſtamente by een getogen/ en oock in nederlantschen dichte/ na der hebreïſcher en Griekſcher waarheyt/

Wit elck ſijnen text van woerde te woerde daer tegen ouer/ int duytsche geſtelt/

Doit Philips van Marnix, genacmt/van Sint Aldegonde.



KONINKL.
BIBLIOTHEEK
TE 'SHADE.

MIDDELBURGH,
By Richard Schilders, Drucker der Staten
ſ Landts van Zeelandt. 1591.

Met toelatinge der voorſ. Heeren.

Die Psalmbundel van Philips van Marnix van St. Aldegonde was 'n beryming waarmee gepoog was om die foute in die Dathheense Psalmbok te oorkom.

DE C. L.
PSALMEN
DAVIDS.

Wt den Franchoyſchen Dichte in Nederlantschen ouergheſet,
DOOR PETRVM DATHENVM.

Mitsgaders den Chriſtelicken Catechiſmus/
Ceremonien ende Ghebeden.

Item hier is by gheweicht op de rant den Duytschen Text/ ouergheſet wt den Hebreïſchen / van veerſe tot veerſe/ naar wt wyſen eghetal: ende na elcken Psalm en Ghebet: Mitsgaders eenen Brief van Theodoorus de Wefſa.

Van niens overſien ende gecorrigeert.



TOT LEYDEN,

By Andries Verſchout op de Breede ſtraet,
Anno 1610. 10. LXXVIIII.

Die Psalmbundel van Petrus Dathen – dit was die bundel wat ſelfs tot ná die oorsitting van die Psalms in 1773 in die Kaapse volksplanting gebruik is.

ACTA
Oft
Handelinghen
Des
NATIONALEN
SYNODI

Inden name onſer Heeren Jeſu Chriſti.
Ghehouden door authoriteyt der Hoogh: Heeren Staten
Generael des Vereenichden Nederlandts

TOT DORDRECHT,

Anno 1618. ende 1619.

Hier comen oock by de volke Wyderſien vande byf. Kerkingen.



Tot Dordrecht,

Ghebruycht by Iſack Janſ. Canon, ende ſijne geaſſicereerde
Druckerſ inde ſtadt. 1621.

Met Privilegie der H. M. Heeren Staten Generael.

Die Acta of Handelinghe van die Nasionale Sinode van Dort wat in 1618 en 1619 te Dordrecht gehou is. Die besluit tot die vertaling van die Bybel in Nederlands, wat in die Statevertaling van 1637 gekulmineer het, is daarin vervat.

Apologie/ ofte
Verantwoordinghe

des Doerluchtighen ende Hooghgebozenen
Vorſts ende Heeren/ Heeren Wilhelms van Godes
ghenade Prince van Oranjen/ Graue van Nassau/ Carzen-
ellenboghden/ Dierz/ Wanden/ etc. Erf-burghgrauve van
Antwerpen/ ende van Belanſon: Baenerheere van Yrba/
Dieſt/ Gimberghe/ van Arlan/ Rozeroi/ etc. ende Heere
van Chactel-ſelint/ etc. Stadthouder Generael van
de Nederlanden: Gouverneur ouer Wa-
bant/ Hollandt/ Zeelandt/ Dier-
landt ende Drecht: ende
Admirael/ etc.

Teghen den Van ofte Edict by forme van Proſcriptie ghepubli-
ceert by den Coningh van Spaeguien teghen den voorſ. Heere:
waer wt ſal blijcken hoe danigh dat ſijn de laſteringhen ende val-
ſche beſchuldighen in den voorſ. Van begrepen.

Ghepreſenteert aen Wyne Heeren de Generaale
Staeten van de Nederlanden.

Hier is oock bygeboeght den voorſ. Van ofte Proſcriptie.



TOT LEYDEN.

By Charles Silvius / gheswozen Drucker der
Staten ſ landts van Hollandt,

M. D. LXXXI.

Met Privilegie voor dry jaeren.

Die Apologie of Verantwoording, 'n werk deur die Prins van Oranje – Graaf van Nassau – 'n versetskrif teen Spaanse oorheersing, wat in 1581 verskyn het.

Die Bybel in die skool/onderwys

Deel 2

- J.H. Jordaan, afgetrede professor van die voormalige Dept. Historiese Opvoedkunde, Fakulteit Opvoedkunde, UNISA

1. Kinders/ leerlinge se eie belewenis van die plek van die Bybel in hulle skole

'n Afrikaanssprekende seun, Phillip, 11 jaar, Graad 5, Stirling Primary School (Engels-medium staatskool), Oos-Londen:

Ons lees nie meer so baie *Die Bybel* soos in die vorige skool nie, maar saalbyeenkomste het altyd skriflesing en gebed, wat deur kinders gedoen word. Ek is nou te groot vir die *Kinderbybel* en ek gebruik graag pappa se Bybel as ek katkisasie-huiswerk doen, want die boeke is gemerk aan die blaai-kante, en die leer is lekker sag.

'n Afrikaans-sprekende dogtertjie, Carlien 8 jaar, Graad 2, Stirling Primary School (Engels-medium staatskool), Oos-Londen:

Ons lees in saalbyeenkomste Bybel en volgende week is dit my beurt om voor die skool te bid. Dit is belangrik om *Die Bybel* te lees want God het dit gemaak. Ek vat graag my *Kinderbybel* skool toe, dan lees Juffrou vir die klas daaruit stories op die mat. Ons kan Scripture Union toe gaan as ons wil op Woensdae na skool.

(Eersgenoemde twee leerlinge, 'n boetie en sussie, was eers in 'n Afrikaanse skool, maar is sedertdien oorgeplaas na 'n Engelse skool omdat hul ouers meen dat daar meer "geleenthede vir hulle bestaan".)

'n Dogter, Leandri, 11 jaar, Graad 5, Laerskool Pretoria-oos (Afrikaans-medium staatskool), Pretoria:

Die Bybel maak my voel dat ek wil glo aan God. Ek wil probeer om in God se wingerd te werk. Ons wil leer van die Skepping en van wonderwerke.

'n Dogtertjie, Mariëtte, 7 jaar, Graad 2, Laerskool Pretoria-oos (Afrikaans-medium staatskool), Pretoria:

Die Bybel sê vir ons dat God orals is, ook by my en ook by die skool. Hy help my om vinniger te werk en vergewe my sonde. *Die Bybel* is baie

belangrik vir my want Jesus doen al daardie wonderlike goed. Ek verstaan Afrikaans goed en het dit eerste leer lees.

'n Seun, Albert, 15 jaar, Graad 9, Grey Kollege (parallelmedium staatskool), Bloemfontein:

In Grey word elke saalperiode (Maandae en Vrydae) geopen met 'n Christelike lied, skriflesing en gebed. Maandae is dit in Engels en Vrydae in Afrikaans. Dit is nog altyd ons skool se tradisie. Verder word daar elke oggend in ons registerklas met skriflesing en gebed geopen. Maandae en Vrydae word dit deur die skoolhoof of onderhoofde waargeneem; Dinsdae deur die klas onderwyser; Woensdae bring enige leerling in die klas 'n stukkie wat vir hom treffend was en lees dit voor; Donderdae lees en bid die klasprefek. Die impak is samehorigheid onder die leerlinge. Die verskillende gelowe respekteer mekaar se siening en dit is vir die ander gelowe om te besluit of hulle dit wil bywoon of nie – hulle kan uitstap, maar doen dit nie altyd nie. Ander gelowe kry egter nie 'n beurt om hul geloof uit te oefen nie. Persoonlik meen ek daar is nog 'n plek in skole vir *Die Bybel*, al het ons nie formele Godsdiensterperiodes nie.

'n Dogter, Hanriëtte 13 jaar, Graad 7, Universitas Laerskool, (Afrikaans-medium staatskool):

By ons skool begin ons saalperiodes met Skriflesing en gebed, wat deur die onderwysers, en soms kinders, gedoen word. Almal is verplig om dit by te woon. Dit geskied op Maandae. In ons skool is daar nog Godsdiensterperiodes. Woensdae is daar 'n biduur vir die kinders wat deur een van die onderwysers gelei word en waar almal welkom is. Donderdae, gedurende langpouse, is daar 'n CSV-byeenkoms waar almal welkom is. Dit word deur gassprekers gelei. Vrydagoggende is daar biduur vir die seuns en hul vaders waar geen vrouens en dogters toegelaat word



nie. Sommige langpouses kom die onderwysers vir 'n biduur bymekaar om vir die skool en kinders te bid. Dan het ons verder ook 'n groep mammas wat aan die "Omgeegroep" behoort wat ook 'n biduur hou om vir die skool en onderwysers te bid en vir spesifieke omstandighede.

'n Seun, Henko, 13 jaar, Graad 7, CVO-skool Verwoerdburg, (Afrikaans-medium privaat skool):

Ons skool open met Skriflesing en gebed. Ons het ook Bybelonderrig as 'n vak. Ons leer die Bybelboeke. Ons leer Bybelverse (bv. Ps. 23) en kry antwoorde uit *Die Bybel*.

'n Seun, Cornel, 10 jaar, Graad 4, CVO-skool Verwoerdburg (Afrikaans-medium privaat skool):

Ons het Bybel as 'n vak en dan moet ons uit *Die Bybel* die woorde gaan soek. Volgens my is dit lekker en God leer ons daardeur.

'n Dogtertjie, Retha, 8 jaar, Graad 2, CVO-skool Verwoerdburg (Afrikaans-medium privaat skool):

Ons doen Bybel in die skool. Juffrou lees vir ons uit *Die Bybel*. Ek dink die Bybel is nodig.

'n Seun, Ocker, 14 jaar, Graad 7, CVO-skool Verwoerdburg (Afrikaans-medium privaat skool):

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

Ons skooldag begin met 'n stuk uit *Die Bybel* en 'n gebed en eindig ook af met 'n gebed. Mens kan die 10 Gebooie net so hou vir die reëls van 'n skool.

2. Ouers se waarnemings rakende rol van die Bybel in die skole/ onderwys waar hulle kinders skoolgaan:

'n OUERPAAR van Oos-London (gemeentelede van die Gereformeerde Kerk), met 'n seun en 'n dogter in 'n multikulturele Engelsmedium staat-laerskool, Stirling Primary School, het hul gesamentlike waarnemings soos volg verwoord:

Die gebruik van Bybels in die skole, en selfs in die kerk, word afgewater deur die inbring van oorhoofse projektors, of elektroniese videomateriaal, waarmee Bybeltekste op wit doeke uitgebeeld word. Mense lees nie meer fisies tekste uit *Die Bybel* saam nie, en kinders (soos in ons jongdae) blaai nie meer deur die Bybels om skrifgedeeltes op te soek nie. Die gevolg hiervan is dat die kinders nie meer die Boeke van *Die Bybel* leer ken soos in die ou dae nie. Ons as ouers dra skuld dat ons nie genoeg aandag aan Bybelonderdig gee nie. Dit is ons plig om tuis die nodige Bybelonderdig te behartig, maar met die verloop van omstandighede, die gejaagde lewe en die vol programme van die kinders, gaan daar baie dae verby wat daar nie by die lees van *Die Bybel* uitgekomm word nie. Ons het geen verskoning nie, en miskien is hierdie vinnige projek (die onderhawige artikel) dalk die wakker-word-oproep om ons weer op ons tone te kry?

Die OUIERS (NG Kerk-gemeentelede) van twee meisies in die Laerskool Pretoria-Oos (Afrikaansmedium staat-skool), Pretoria, stel die volgende:

Die VADER: Dit is belangrik dat *Die Bybel* beskikbaar is in 'n taal wat kinders maklik kan verstaan.

Die MOEDER: *Die Bybel* is die een maatstaf waaraan alle besluite en vrae getoets kan word. Kinders se vrae oor die eeue mag dalk verskil soos die wêreld en tegnologie verander maar die Bybelse antwoorde

is tydloos en vir ewig dieselfde, daarom is dit baie belangrik dat kinders van jongs af *Die Bybel* sal kan raadpleeg, ook in die skool.

Die volgende OUIERPAAR (van Bloemfontein en behorende aan die Volle Evangelie Kerk) het aan hulle twee kinders, 'n seun (Grey Kollege) en 'n dogter (Universitas laerskool) die volgende vrae gevra: Word die saalperiode nog deur Skriflesing en gebed geopen? Watter taal word gebruik? Wie doen dit? Hoe gereeld geskied dit, en waar? Wat is die impak van *Die Bybel* hedendaags in hul skole? Daarna het hierdie ouerpaar ook hul eie sieninge van *Die Bybel* in die skool soos volg genoem:

Die VADER: Volgens my is *Die Bybel* ons steunpilaar in die lewe van waar ons leiding, vertroosting en riglyne kry waarvolgens ons behoort te lewe. As mens *Die Bybel* in jou moedertaal kan lees vergemaklik dit ons pogings om 'n Christelike lewe te lei. *Die Bybel* word daardeur meer verstaanbaar en mens kan dit makliker van toepassing maak.

Dit is vir my goed om te sien dat skoolhoofde nog daarop ingestel is om leerlinge voor te berei om "reg" te lewe en dat hulle besef waar hul hulp vandaan kom (nl. *Die Bybel*), soos in die verlede en steeds regdeur tot in die hede. Siende dat daar vandag so baie afleiding/ versoekings vir die jeug is moet ons as ouers dit ons plig ag om goeie grondbeginsels vir ons kinders te leer en daarvoor is daar baie riglyne in *Die Bybel*.

Die MOEDER ('n verpleegsuster): Dit is verblydend dat skole kinders by funksies geleentheid gee om die opening daarvan waar te neem met Skriflesing en gebed. By sommige skole is daar ook biduurgroepe wat deur die kinders self geïnisieer word benewens die formele CSV-byeenkoms.

By die Volle Evangelie Kerk word die Sondagskoolkinders aangemoedig om reeds van voorskoolse ouderdom hulle *Kinderbybels* saam te bring. Wanneer hulle in die skoolgaandeklas kom word hulle aangemoedig om uit hul eie Bybel gedeeltes voor te lees tydens die les.

Opvoeding in die lig van *Die Bybel* behoort by die huis aan etenstafel te

begin, voor die gesin uitmekaar spat vir die dag se bedrywighede. Gerig deur die Bybel word die boodskap dus aan die kind oorgedra en gee dit hom hoop en geloof vir sy daaglike aktiwiteite.

Waar ons by St. Nicholas Children Hospice baie kinders (binne-pasiënte sowel as dagsorg, en ook in die gemeenskap self) hanteer, lei ons ons tuisversorgers op om by hul begeleiding aan kinderpatiënte te begin met skriflesing en gebed en 'n gesang (Engels of Sotho). Die persoon wat begeleiding gee aan kinders met een of ander ongeneeslike siekte dra dan die godsdiensboodskap op sy manier aan die kinders oor. Daardeur bring hulle vertroue by hierdie kinders, wat in minder gunstige omstandighede leef, terwyl die versorger self ook geestelik daarby baat vir die nodige ondersteuning vir hulle moeilike taak.

Die OUIERS (AP Kerk-gemeentelede) van drie seuns en een dogter in die CVO-skool Verwoerdburg (Afrikaansmedium privaatskool), Pretoria, meld die volgende:

Die VADER (ook voorheen op die skoolbestuurskomitee gedien): Die CVO-skool Verwoerdburg staan op drie pilare, naamlik die Christelik-Calvinistiese grondslag, die Afrikaner-nasionalistiese basis, en gehalte-onderwys. Die Christelike grondslag deurspek die hele wese van die Afrikaner – dit waarvoor ons staan en lewe. In bogenoemde skool word daar elke oggend geopen met 'n kort wydingsperiode, waar daar eers uit die Woord van God gelees word en die gedeelte daarna dan kortliks verduidelik word, dan word 'n Christelike lied gesing en ook gebid. Die 1933- en 1953-vertalings van *Die Bybel* in Afrikaans word gebruik. Die Afrikaanse Bybel is maklik verstaanbaar vir ons kinders. Die Christelike Afrikaner-nasionalistiese grondslag is juis gebore uit genoemde Afrikaanse Bybel en die ouer *Nederlandse Statebybel*. Die betekenis van *Die Bybel* en die gebruik daarvan in ons Afrikanerskole is deurslaggewend vir die opvoeding, denke en optrede van ons Afrikanervolk. Dit leer ons en ons kinders dat God 'n God van orde

Vervolg op bl. 10

Christelike wetenskap is wetenskap tot verheerliking van God

- Prof. P.H. Stoker

Wat maak wetenskapsvorming en -beoefening moontlik?

Ons is gewoonlik nie bewus van die belangrike rol wat die wetenskappe speel en gespeel het in die ontwikkeling en totstandkoming van produkte wat die kwaliteit van ons lewe bepaal nie. Of daar geplant en geoes word, of kos voorberei word, of telefonies gesprekke gevoer word, of musiek gespeel en daarna geluister word, of televisieprogramme opgeneem en daarna gekyk word, of die rekenaar gebruik word, of met 'n fiets, motor of vliegtuig gereis word, of metings, toetse, afstastings, bestralings of mediese ondersoeke, operasies en behandelings uitgevoer word, oral is beginsels, metodes en kennis van die wetenskappe ter sprake. Dit gaan nie net oor tegnologiese en natuurwetenskappe nie, maar ook oor ekonomiese, bestuurs- en ander geesteswetenskappe.

Vorming en beoefening van wetenskap, ook die natuurwetenskappe, is 'n aktiwiteit van die mens, een van sy baie aktiwiteite. Soos enige onderneming van die mens word die vorming en beoefening van wetenskap voortgedryf deur menslike dryfvere. Die mens wil deur die wetenskap iets bereik.

Wat die natuurwetenskappe betref, moet gevra word of dit in die natuurwetenskappe oor ware werklikheid, oor ware feite gaan, oor feite wat elkeen kan kontroleer deur herhaling van eksperimente en deur waarneming? En wat van geloof in God wat Hom in sy Woord openbaar? Hierdie geloof is ook deel van 'n mens se lewe wat in godsdiens uitgeleef word. Die hele Bybel getuig van God wat mense roep en aan hulle lewens rigting gee. Is die natuurwetenskappe en geloof in God (die mens se godsdiens) dan twee totaal verskillende wêreldes?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet eerstens gevra word: Waarom is die vorming van wetenskap wel moontlik? Die saaklike antwoord vanuit God se openbaring in die Bybel is dat die heelal, die kosmos, ordelik is omdat God 'n God van orde is en die skepping vir ons as mense verstaanbaar is,

omdat God aan die mens insig en verstand gegee het om oor die skepping te heers, dit te bewerk en dit te versorg. Hierdie antwoord is 'n antwoord vanuit die geloof, 'n voorwetenskaplike antwoord.

Hierdie voorwetenskaplike antwoord word bevestig deur die vorming en beoefening van wetenskap. Wetenskapsvorming is nie moontlik sonder dat daar ordelikheid is nie. Ordelikheid impliseer 'n wetsordening. Dit is 'n ordelikheid wat eners (dieselfde) deur alle mense ervaar word. In die lewenswetenskappe is die ordelikheid onder andere in strukture gesetel: soos (1) dieselfde saad sal altyd dieselfde plant of boom laat opkom, of (2) instinktiewe ordening in samelewingstrukture, wat verskillend is vir verskillende diersoorte, of (3) in menslike samelewings bestaan kultuurafhanklike ordelikheid in familiestrukture, of (4) die bestaan van logiese wette en sedewette. Al hierdie ordelikhede is in die kosmiese wetsordening gesetel.

Tweedens, die Woord van God gee aan die gelowige kennis, kennis wat hy nie anders sou kon gekry het as deur die Woord van God nie. In Genesis, wat "Begin" beteken, lees ons in die eerste twee hoofstukke hoe en waar alles, ook die mensepaar, ontstaan het. Ons lees ook van die eerste verhouding tussen God en die mens, dat God wil hê dat die mens, sy skepsel en sy rentmeester op aarde, Hom moet leer ken en in verhouding met Hom moet leef en werk.

Die grondslag van wetenskap is gelê toe God al die diere van die veld na die mens gebring het om aan hulle name te gee. Dit kon die mens eers doen na 'n studie van die geaardhede van die diere. Dit is wat ons vandag nog doen in wetenskaplike navorsing, om name aan dinge te gee na 'n studie van hulle eienskappe.

Deur die wetenskappe verkry ons insig in Wie die Skepper van hemel en aarde en alles daarop en daarin is. Die antieke volke het byvoorbeeld geglo dat donderweer die stem van gode is, wat vir die mens kwaad is. Vandag weet ons dat donderweer afkomstig is



van weerlig, wat uit elektriese velde in die atmosfeer ontstaan.

Deur ons studie van die skepping (sy algemene openbaring) leer ons Hom as Skepper en Onderhouer van alle dinge ken, onder andere as

- 'n God van orde;
- 'n God van wysheid;
- 'n intelligente Ontwerper;
- 'n volmaakte God;
- 'n goeie en regverdige God; en
- 'n God wat alles onderhou en beheer

Oor eeue – tot 'n eeu gelede – het Christen-wetenskaplikes se geloof in God en hulle ontdekkings deur hulle wetenskaplike werk, hand aan hand gegaan. Die uiteindelige doel van hulle wetenskap was om tot eer van God dinge in sy Skepping te ondersoek en te ontdek. Bekende natuurwetenskaplikes soos Kepler, Boyle en Newton het in en deur hulle werk God verheerlik. Van Kepler, die bekende Duitse sterrekundige, het die volgende gebed bewaar gebly: "Ek dank U, Skepper en Here, dat U my hierdie vreugde in U skepping, hierdie genot in die werke van U hande geskenk het. Ek het die heerlikheid van U werke aan die mense bekend gemaak vir sover my eindige gees U oneindigheid kon verstaan. As ek iets gesê het, wat U onwaardig was of as ek eie eer mag gesoek het, vergeef my dit dan tog genadiglik." Gali-

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

leo het ook gesê: die werke van God se vinger – dit wil sê wat sy hande in die skepping gemaak het – en die werke van God se mond – dit wil sê wat God in sy Woord geopenbaar het – kan mekaar nie teenspreek nie.

Kom ons kyk na enkele onderwerpe wat in leerinhoude voorkom:

1) Soogdiere

Wat het die mens gemeen met 'n leeu, 'n meerkat, 'n walvis en 'n vlermuis? Volgens die wetenskap wat hom besig hou met die vorm en bou van die liggaam van mens, dier en plant – die Anatomie – word almal as soogdiere geklassifiseer. Die woord soog beteken om kleintjies met melk te voed. Alle soogdiere het melkkliere waarmee hulle kleintjies voed deur te soog (suig). Soogdierkleintjies kan nie van kleins af vir hulleself sorg soos visse en reptiele nie. Hulle kan nie self kos soek of hulleself teen gevaar beskerm nie. Daarom is ouers nodig om vir hulle te sorg en hulle te leer hoe om selfstandig te leef wanneer hulle volwasse is.

Alle soogdiere is werweldiere, d.w.s. hulle het 'n geraamte. Die geraamte word gebruik om te beweeg en om die inwendige organe soos hart en longe te beskerm.

Soogdiere het 'n verhemelte wat hulle mondholties in twee verdeel. Die boonste deel word gebruik om asem te haal en die onderste deel word gebruik om te eet en te drink. As soogdiere nie 'n verhemelte gehad het nie, sou hulle nie kon asemhaal terwyl hulle eet en water drink nie. Dit alles toon die wysheid waarmee God alle dinge, ook soogdiere geskep het.

Maar ons kan nie net anatomies na ooreenkomste kyk nie. Daar is ook wesentlike verskille tussen die mens en soogdiere.

Soogdiere sorg instinktief vir hulle kleintjies en weet instinktief wat om vir hulle te leer. Daarteenoor versorg en leer die mens sy kleintjies nie instinktief soos 'n soogdier nie, maar hy het 'n verstand gekry en 'n vermoë om selfstandig besluite te neem en te beplan vir die opvoeding van sy kinders.

God het man en vrou tweeledig geskep: Hulle is skepsels, wat behoort by die diereryk: hulle is op die sesde

dag geskep ná al die diere op aarde. Hulle is “gevorm uit die stof van die aarde” (Gen 2:7), wat dui op hulle skepselwese, op hulle gebondenheid aan die aarde. Aan die ander kant is slegs mense (nie diere nie) na die beeld van die Skepper gemaak. Dit is die belangrike boodskap van die Bybelse skeppingsleer. Die mens is as aardse wese geskep om op 'n beperkte skaal soos God te wees, om sy kultuurmandaat (Gen 1:26,28; 2:15) te kan uitvoer, om met hart en verstand, ontdekkend en beplannend, te kan heers oor God se skepping, mee te werk aan die ont-plooiing daarvan en daarvoor te kan sorg.

Deurdar mense na God se beeld geskep is met omgee vir mekaar en die skepping, word mense geroep tot 'n persoonlike gespreksgemeenskap met Hom. Daarom behels die lewe van die mens veel meer as die biologiese.

Slegs mense kan bewustelik God se skepping waardeer en dit geniet, en kan deur God tot verantwoordelikheid geroep word. Die uniekheid van die mens is nie maar net daarin geleë dat ons met mekaar praat nie, maar eerder daarin dat God met ons praat en dat ons gevra word om daarop te antwoord. Ons is geskep vir 'n geroepe lewe, gerig op God. Dit is binne hierdie werklikheid wat die Christen wetenskap beoefen.

2) Bosse, bome, berge, vlaktes

Bo-op die Drakensberge lê die sneeu spierwit, in die Kalahari bak die son op die rooi sandduine neer en by Knysna is daar plekke wat die bome so dig is dat die sonlig nie eers daardeur kan dring nie. Ons land is een van die min lande op aarde waar 'n mens binne 'n dag met 'n motor van 'n woudgebied na 'n woestynggebied kan ry.

Suid-Afrika is een van die lande wat die grootste verskeidenheid diere op aarde het. Dit is moontlik omdat ons land soveel verskillende habitate het. 'n Habitat is 'n dier se blyplek. Suider-Afrika het woude, grasvlaktes, kusgebiede en ook 'n woestynggebied. Elke gebied is die blyplek van verskillende soorte diere wat aangepas is om daar te oorleef. Dit illustreer weereens die wonderbaarlikheid van God, waarvoor ons hom moet loof en alle eer moet gee, maar

ook dat ons die verantwoordelikheid het om as rentmeesters sorgsaam met die natuur om te gaan.

3) Wiskunde – 'n wyse om God se skepping te beskryf

Net soos enige ander wetenskap is wiskunde 'n menslike skepping van 'n faset, 'n afbeelding van God se handewerke. Almal, gelowige en ongelowige wiskundiges werk saam om wiskunde as wetenskap te vorm en uit te bou. Die feit dat elke wiskundige nie sy eie wiskunde apart van al die ander vorm en bou nie, beteken dat wiskunde veel meer is as 'n individuele logiese spel van aksiomas en bewyse. Dit beteken dat wiskunde as wetenskap universeel is, wat gegrond is in en afgetrek (ge-abstraheer) is van die werklikheid. Met ander woorde, wiskunde is 'n wyse om God se handewerk te beskryf. Dit beteken in besonder dat getalle, net soos ruimte, wat albei die werksgebiede van die wiskunde is, deel van God se skepping is. Dit beteken ook dat al wil baie wiskundiges wiskunde ter wille van die wiskunde uitbou, hulle tog steeds besig is om met fasette van die skepping te werk, of soos Galileo dit gestel het: “die boek van die natuur is in die taal van die wiskunde geskryf”.

3.1) Die getal

Die getal is deel van die skepping van God. Dit het nie deur 'n evolusionistiese proses by 'n oermens, wat begin het om op sy vingers te tel ontstaan nie. Met ander woorde, die getal is nie deur die mens gevorm, deurdar hy dit nodig gehad het vir sy bestaan op aarde nie.

God het aan die mens 'n verstandelike gawe geskenk om idees en begrippe uit die werklikheid te onttrek, te abstraheer en om logies te dink. Ons leer 'n kind dat twee appels en drie appels vyf appels gee, en baie gou daarna veralgemeen ons dit na twee plus drie is vyf. Hierdie getalle twee, drie en vyf is abstraksies vanuit die konkrete. Die getal 'twee' is 'n abstrakte begrip. Die kind leer dus om getalle “af te trek” of te onttrek van die konkrete dinge. Die feit dat die mens geen probleme het om in terme van getalle te dink nie, beteken dat die

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 8

mens 'n wonderlike vermoë het tot abstrakte 'teoretiese' denke. Die woord 'teorie' kom van die Griekse woord wat beskou, beoordeel beteken. Net so beskou en beoordeel die wiskundiges die wiskunde, m.a.w. die wiskunde bestaan buite hulle – is mensewerk wat deur logiese beredeneringe uit begrippe (onder andere getalle), wat uit die konkrete onttrek is, gevorm word. Die mens het 'n fantastiese vermoë gekry om logies te dink en te redeneer.

Die begrip oneindigheid is baie belangrik in wiskunde. Beskou bv. die reeks van heelgetalle: 1, 2, 3, 4, ... Die meeste kinders sal een of ander tyd by een begin tel en kyk tot watter grootste getal hulle kan tel. Maak nie saak tot watter grootste getal hulle gekom het nie, daar kan altyd nog een bygetel word vir 'n nog groter getal. So 'n reeks van heelgetalle gaan voort tot die oneindigheid – 'n mens kan nie by die laaste getal, die oneindigheid, kom nie. Ons kom die oneindigheid oral in die natuur teë. Die begrip oneindigheid dui die volmaaktheid van die Skepper aan, 'n volmaaktheid wat vir ons onbereikbaar is. Sinoniem hiermee is die ewigheid van die Skepper.

3.2) Wiskunde maak die handewerk van God sigbaar

Wiskunde bied aan ons 'n wyse om God se skepping te beskryf, maar deur wiskunde word aan ons op 'n besondere wyse die wonderbaarlikhede, die funksionele, en die skoonheid van God se handewerke sigbaar gemaak. Beskou bv. die planetebeweging, wat afgelei word uit Newton se tweede bewegingswet: $F=ma$ (krag = massa x versnelling) en sy swaartekragwet: $F=Gm_1m_2/r^2$ (krag is eweredig aan die produk van die massas gedeel deur afstand kwadraat, waar G die eweredigheidskonstante is, wat Newton eksperimenteel in die laboratorium bepaal het). Dit is eenvoudige vergelykings met 'n geweldige potensiaal, wat nie net gebruik word vir berekeninge van bane van ruimtetuie vir 'n vlug na die maan of planeet nie, maar vind ook sy toepassings in talle nywerhede.

Die mens het talle ondekkings in die wiskunde gemaak. Hy het bv. die imaginêre (onwerklike) getal $\sqrt{-1}$ ontdek. Hy het met behulp van onder

andere hierdie imaginêre getal ontdek dat wiskunde op talle terreine van die wetenskap strukture beskryf wat in ooreenstemming is met eksperimentele waarnemings, bv. die struktuur van die atoom. Van hierdie strukture, ook van die atoom se struktuur, gee die wiskundige beskrywing 'n struktuur van waarskynlikhede en nie 'n skerp omynde struktuur nie. Die binnestevan 'n atoom kan ons nie met die beste vergrotingstegnieke vir ons sigbaar maak nie. Ons moet egter God loof vir die klein venstertjie van die wiskunde waardeur Hy vir ons insig gee in sy wonderbaarlike skepping en hoe alles harmonieus met mekaar saamhang.

Vir die natuurwetenskappe bly dit 'n misterie waarom 'n wiskundige weergawe van fisiese en biologiese strukture en veranderinge in die natuur so presies kan ooreenstem met menslike waarnemings. Deur middel van wiskundige beskrywings ontdek ons "natuurwette", bv. die swaartekragwet van Newton., of die gaswette (bv. wet van Boyle). Hierdie "natuurwette" kan slegs 'n afskaduwing van God se werke wees, want deur ons wetenskap vereenvoudig ons die harmonieuse ingewikkeldheid van God se skepping.

In hierdie verband het Albert Einstein opgemerk: "Die ewige misterie van die wêreld is sy verstaanbaarheid" ("The eternal mystery of the world is its comprehensibility"). Vir die Bybelgelowige is dit nie 'n misterie nie, want die denke van die mens met sy wiskundige en abstraherende vermoëns en die fisiese wêreld met sy waarneembare wiskundige ordening is met mekaar verweef, want albei het dieselfde Skepper.

Volgens die Bybel was een van God se doelwitte met sy skepping dat die hele skepping daar is vir die mens om te geniet, te dien en te bewerk, dit wil sê kultuur te skep. Hierin vervul wiskunde as 'n integrale deel van die skepping 'n wesentlike funksie in die ontsluiting van die werklikheid en in die gebruik van wetenskaplike kennis. Dit is hierdie punt wat die humanistiese kyk op wiskunde as 'n produk van die menslike intellek mis.

Om saam te vat: Ons het met die getal as deel van God se skepping begin. Deur kultuurskepping het die mens 'name' aan die getalle gegee. En deur menslike kultuurskepping

het die verwerking van hierdie getalle met hulle name al verder ontwikkel tot die vlak waar ons vandag staan, met simbole en formules. Deur hierdie kultuurskepping kan die mens vandag in wetenskaplike konteks sekere aspekte van die skepping in simbole en formules weergee, en kan die mens ook probleme oplos en sekere 'voorspellings' oor natuurgebeure maak soos byvoorbeeld vorming van wolke en die moontlikheid van reën.

3.3) Deur die Griekse wiskunde het God voorsien

Ons weet uit argeologiese bevindings dat Wiskunde 'n duidende rol in die vroeë beskawings gespeel het. Egiptiese Wiskunde was elementêr, maar nie vir 'n kind nie. Die gebruik van algebra, meetkunde en driehoeksmeetkunde kan gesien word in die konstruksie van die piramides, besproeiingskanaalstelsels, graanskure en besigheidstransaksies.

Die Griek, Thales (624 - ~546 v.C.), het in Egipte en Babilonië gestudeer. Hy was 'n suksesvolle handelaar, wat later in sy lewe hom op natuurwetenskap en politiek (staatkunde) toegespits het. Hy was die eerste om meetkundige verbande op 'n logiese wyse uit algemeen-geldende stellings, aksiomas en postulate af te lei. Pythagoras was een van Thales se mees bekende leerlinge. (Dink aan die stelling van Pythagoras). Waar wiskunde vir die Egiptenare praktiese gereedskap was, het die Grieke deur logiese denke wiskunde, en veral meetkunde, as 'n wetenskap gevestig.

Voortspruitend hieruit het die Grieke in die tyd kort voor die geboorte van Christus praktyke gevestig wat die vinnige uitbreiding van die evangelie moontlik gemaak het.

- Deur Griekse meetkunde en navigasietegnieke kon skepe nou direk oor die Middellandse see gevaar het en nie meer kuslans nie;
- Met Griekse meetkunde en tegnieke het die Romeine uitgebreide paaie vir die vestiging van hulle Ryk oor die destydse wêreld gebou;
- Deur die Griekse wetenskap en handelspraktyk is die Griekse taal in die Romeinse Ryk gevestig.


(Word vervolg)



Die titelblad van die Nederlandse Bybel wat voor die Statevertaling van 1637 gebruik is – hierdie uitgawe is van 1596.



Die Huisboek van van Heinrich Bullinger was die eerste gereformeerde preekbundel – dit is in die gemeentes van die VOC gebruik en het die volksplanters in 1652 na die Kaap vergesel.



Die Hugenote-monument, simbool van godsdienstige standvastigheid.

Vervolg van bl. 6

en van regverdigheid is, maar ook 'n God van liefde en vergewendheid. Sonder die 1933-vertaling sou ons altyd aangewese gewees het op 'n Bybel in 'n taal wat nie eie aan ons is nie en wat ons en ons kinders al minder sou kon verstaan.

Die MOEDER: Ek is 'n tydelike, deeltydse Biologie- en Huishoudkunde-onderwyseres by bogenoemde skool van

ons kinders. Volgens *Die Bybel* het God uit 'n aarde wat duister en leeg was, in ses dae, 'n sinvolle aarde geskep en toe gesien dat dit goed is; daarna het Hy gerus. Na aanleiding hiervan verduidelik ek aan my leerlinge dat vir alles daar eers energie nodig is en dat dit van die son kom. Uit *Die Bybel*, Woord van God, leer ons dat God die Skepper van hierdie lewewende energie is. Sonder *Die Bybel*

sal ons laks en energieloos raak. Indien iemand die son sou kon "afskakel" sal die aarde weer duister en leeg word. Ons moet dus vasklou aan *Die Bybel* en energie daaruit put om lig te vind om die pad te loop wat God vir ons beplan het. *Die Bybel* moet deel van die Afrikanerskole bly, want dit is ook my verwysingsraamwerk om die nut en noodsaaklikheid van my skoolvakke te verduidelik.

(Deel 3 volg)

Wat sê die Bybel in 2008 vir die Afrikaner oor volkwees?

- Prof. J.A.E. Adendorff

Oorgeneem uit Bybel en volk, Kongresuitgawe, jg. 23, nr 2, met toestemming van die redaksie.

Inleiding

Daar bestaan vandag baie verwarrende gedagtes oor volkskap en volkwees. Hierdie gedagtes wissel tussen twee pole: Aan die een kant is daar mense wat volkskap verag. Aan die ander kant wil mense volkskap vergoddelik. Hoe moet ons oor volkskap dink?

Vir 'n antwoord op hierdie vraag moet ons ons na die Bybel alleen wend. Laat ek dadelik sê: Die Bybel is nie 'n volkekundige handboek nie. Dit wil egter as hoogste norm vir die leer en lewe van die kerk 'n gesagvolle woord oor volkskap en volkwees spreek. Daarom wil ek saam met u na volkskap en volkwees in die lig van die totale openbaringsgeskiedenis soos in die Bybel opgeteken gaan kyk.

Hierdie geskiedenis kan ons in verskillende fases indeel. Die eerste fase is dié van die skepping.

Volkskap in die lig van die skeppingsgeskiedenis

In hierdie bespreking wil ek op sekere Skrifgedeeltes fokus. Die eerste Skrifgedeelte is die skeppingsgeskiedenis soos opgeteken in Gen. 1 en 2. In hierdie Skrifgedeelte speel Gen. 1:28 'n belangrike rol:

“En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.”

Die Here openbaar in hierdie skeppingsgeskiedenis 'n viertal belangrike waarhede t.o.v. volkskap aan ons:

1. Die oorsprong van die verskillende volke is terug te voer na een mens

Adam was inderdaad die eerste mens. Uit hierdie eerste mens het God al die ander mense laat voortkom. Selfs sy vrou, Eva, het uit hom voortgekom. God het nie 'n afson-

derlike mens uit die stof van die aarde geformeer as 'n vrou vir Adam nie. Nee, Hy het een van Adam se ribbebene geneem en dit tot 'n vrou vir Adam gebou (Gen. 2:22). Daarom kon Adam ook sê: “Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees” (Gen. 2:23).

Hierdie eerste twee mense word nou met vrugbaarheid geseën, sodat hulle kan voortplant. In die vrugbaarheid van hierdie eerste twee mense het die ganse mensdom dus sy oorsprong. Dit het die implikasie dat alle mense op die aarde bloedverwante van mekaar is. Hand. 17:26 bevestig dit: “En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon”. Hierdie waarheid sny rassisme in die sin van een volk wat hom meerderwaardig ag bo 'n ander by die wortel af.

2. Die bestaan van verskillende volke is terug te voer na die Raadsplan van God

Wanneer God die opdrag gee om te vermeerder en die aarde te vul, word daarmee aangedui dat die verdeling van die mensdom in volke God se wil is. Verspreiding oor die oppervlakte van die aarde sou uit die aard van die saak tot die vorming van verskillende tussen familie-groepe lei. Die afstand van mekaar, die verskille in geografiese omstandighede en die beoefening van die kultuurtaak op verskillende plekke en in verskillende omstandighede sou aan elke familie-groep 'n eie uniekheid gegee het. En so sou familie-groepe tot verskillende volke uitgegroei het.

3. Volksvorming vind onder die seënende hand van die Here plaas

Gen. 1:28 sê dit duidelik: “En God het hulle geseën”. Die inhoud van daardie seën word dan in die res van die vers uitgespel: “Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde”. Vrugbaarheid of die vermoë om



voort te plant is deel van God se seën. Kinders word dan ook in die res van die Bybel en met name in die Ou Testament as 'n besondere seën van die Here gesien. Dink maar aan Ps. 128:3-4: “Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok binne in jou huis; jou kinders soos olyfboompies rondom jou tafel. Kyk, so sal sekerlik geseën word die man wat die Here vrees.”

Die seën eindig egter nie met die woord “vermeerder” nie. Daar volg nog die woorde “en vul die aarde”. Om oor die aarde te versprei is 'n opdrag, maar ook deel van God se seën! Verspreiding oor die aarde en volksvorming loop hand aan hand. Volksvorming vind dus onder die seënende hand van die Here plaas.

Dis belangrik dat ons aan hierdie waarheid vashou. Soms vind 'n mens die voorstelling dat volksvorming die gevolg van die taalverwarring by Babel was. En dan beskou sommige nog die taalverwarring as 'n straf, of erger nog, 'n vloek van die Here. Die verdeling van die mensdom in volke kry volgens hierdie siening 'n negatiewe kleur: Dit is hoogstens 'n tydelike maatreël wat met die wederkoms van Christus opgehef sal word. Die gegewens uit die skeppingsgeskiedenis stel dit

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

egter duidelik: Volkwees moet as 'n seën van God beskou word, en nie as 'n vloek nie!

4. Volkskap staan in diens van God

Die geskape mens kry 'n duidelike opdrag van die Here: "onderwerp dit (die aarde) en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip" (Gen. 1:28). God het die mag oor sy skepping in die mens se hande gegee, sodat die mens die ganse wêreld in sy Naam sou regeer. In die eerste plek moes die tuin van Eden bewerk en bewaar word. Maar dit gaan ook verder: Die taak om die tuin te bewerk en te bewaak het in Gen. 4 vanaf vers 14 'n vervolging. Soos die menslike geslag toegeneem het, het die werk ook toegeneem en verdeel. Arbeidsverdeling het noodsaaklik geword. Alhoewel die mens se taak dus in landboukundige terme beskrywe word, is dit duidelik dat dit nie daartoe beperk word nie. Alle menslike werk, of dit nou die bou van damme of hoofweë is of selfs die splitsing van die atoom is daarby ingesluit. Die mens het dus 'n bepaalde roeping: Hy moet God se skepping ontgin en die aarde 'n leefbare tuiste maak. Samevattend kan gesê word dat die mens deur God self tot sy verteenwoordiger, sy onder-koning, op die aarde gestel is. Hy ontvang outoriteit van God en moes die outoriteit uitoefen deur oor die skepping te heers.

Uit Gen. 2:18 is dit duidelik dat Adam hierdie opdrag nie alleen moes uitvoer nie, maar met die hulp van 'n medemens: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas." Met hierdie woorde het die Here die diepste sin van die mens se huweliks-, gesins- en uiteindelik volkslewe aangedui. Die huweliks-, gesins- en volkslewe van die mens is op 'n eksterne doelwit gefokus: Diens aan die Here. Die betekenis daarvan vir die volkslewe is duidelik: 'n Volk bestaan nie ter wille van homself nie, maar om die Here te dien.

God se doel met die skepping van die mens word dus hierin sigbaar:

Oor die hele aarde moet daar verskillende families (volke) wees wat onder die heerskappy van en in gemeenskap met die soewereine God leef en wat op hulle beurt heerskappy uitoefen oor God se geskape wêreld.

Hierdie grootse doel van God is egter deur die mens se ongehoorsaamheid verydel, en dit bring ons by die tweede fase in die openbaringsgeskiedenis, nl. die sondeval.

Volkskap in die lig van die sondeval

Die mens wat deur God so hoog gestel is, het diep geval. In Gen. 3 word die tragiese verhaal beskryf. Die beskrywing is eenvoudig: Omdat die mensepaar "soos God" (Gen. 3:5) wou wees, luister hulle na die lokstem van die Satan en eet van die verbode vrug. Hulle handeling is 'n daad van ongehoorsaamheid aan God, erger nog: 'n daad van opstand of rebellie teen hulle Skepper. Deur hierdie daad is die mens tot in die wortel van sy bestaan besmet. Hy is so verdorwe dat hy van nature geneig is om God en sy naaste te haat (*Heidelbergse Kategismus*, vraag 5) en daarom glad nie in staat is om iets goeds te doen nie, maar tot alle kwaad geneig is (*Heidelbergse Kategismus*, vraag 8). Soos te verwagte het hierdie verdorwe toestand van die mens ernstige gevolge vir die volkereverskeidenheid gehad:

1. Die verhouding tussen volke word deur spanning gekenmerk

Die sondeval het die mens se verhouding met God ingrypend verander. Die mens staan nou veroordeeld voor Hom met sy skuld en sonde. Maar die verandering kom ook daarin tot uiting dat die mens nou in opstand lewe en geen gesag buite homself wil erken nie. Hy wil nou sy eie god wees en net homself dien.

Omdat die mens se primêre verhouding (sy verhouding tot God) aangetas is, is ook al die ander veroudings waarin die mens lewe, besmet. In Gen. 4 lees ons alreeds van die vervreemding wat tussen broer en broer gekom het. Hierdie vervreemding het tot haat en uiteindelik moord gelei. Vyandskap

tussen mense sou die kenmerk van die mensdom na die sondeval word.

Ook die volkereverskeidenheid is nou aan die gevolge van die sondeval onderworpe. Volkere het hulle eksterne doelwit, nl. om God te dien, verruil vir selfsugtige doelwitte. Dit het hulle in botsing gebring met ander volkere met ewe selfsugtige doelwitte. Vanuit die sondeval moet die spanning en oorloë tussen volkere dus verklaar word. Dit impliseer dus dat die selfstandige voortbestaan van volkere voortdurend bedreig word en net deur stryd gehandhaaf kan word.

Dit is egter nie alles net slegte nuus nie. Die goeie nuus is dat God ook na die sondeval sy bedoeling met die mens, en dus ook die volkere, voortsit.

2. Die volkereverskeidenheid word ook ná die sondeval gehandhaaf

In Gen. 6 lees ons dat die sonde van die mens sy volle maat bereik het. God se skepping het teen sy heerskappy gerebelleer. Die mense het net vir eie genot gelewe (soos Matt. 24:37-39 en Luk. 17:26-27 dit vir ons beskryf). Vir hierdie verrotting (Gen. 6:11, 12) is daar net een antwoord: vernietiging (Gen. 6:13). Die Here gaan die aarde skoonwas met 'n groot vloed. Noag en sy huisgesin vind egter genade in die Here se oë. In 'n ark vind hulle skuiling teen die oordeel van God.

Wanneer die ark weer op droë grond te ruste kom, stuur God Noag, sy mense en die diere uit (Gen. 8:15-17). Die aarde moet weer wemel van lewe ('n herinnering aan Gen. 1:22). Die toestand van die sesde skeppingsdag keer in 'n sekere sin terug. Die woorde in Gen. 9:1 herinner aan Gen. 1:28: "En God het Noag en sy seuns geseën en aan hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde". Die opdrag tot verspreiding (en dus volksvorming) bly dus ook na die sondeval van krag.

Gen. 11 vertel dat die mens aan hierdie opdrag ongehoorsaam was. Die bou van Babel se toring dui op die oersonde van die mens: om soos God te wil wees. Die mensdom bou naamlik 'n stad en 'n toring waarvan

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

die spits tot aan die hemel reik" (Gen. 11:4). Hulle wil ook vir hulleself 'n naam maak, d.w.s. hulleself verhoog. Daarmee stel hulle hulleself teenoor God wat vir Homself 'n Naam maak (vgl. Neh. 9:10; Jes. 63:12, 14). Die stad Babel moet die plek van God inneem. Die mens wil dus 'n beskawing sonder God ontwikkel!

In sy genade beperk die Here die omvang van die bouse deur die mense se taal te verwar (Gen. 11:7-9). Hulle kan

nie meer saamstaan en 'n verpletterende oormag téén God vorm nie. God verhoed dat die toestand van voor die sondvloed terugkeer. Hy stel taalverskeidenheid in as instrument om sy doel met die mensdom te bereik. Die mensdom versprei nou oor die hele aarde. So sorg God dat Hy sy skeppingsdoel bereik!

Egpare vorm gesinne wat op hulle beurt in families ontwikkel en uiteindelik tot stamme en volke uitgroe. Die geslagsregister van Gen. 10 beskryf hoe hierdie proses verloop het. Jafet

se nageslag het hulleself blykens Gen. 10:5 rondom die Middellandse see gekonsentreer. Uit hulle het die Indo-Europese volke gegroei. Die nageslag van Gam het hulle hoofsaaklik in Afrika gevestig. Uit hulle het die belangrikste vyande van Israel voortgekom. Ons herken Egipte (Misraim), die Kanaäniete, Babel en die Filistyne. Die nageslag van Sem het hulle in die Nabye Ooste gevestig. Uit hulle het die Here Heber uitgesonder waaruit die Hebreuse volk later voortgekom het.

(Word vervolg)

Mededelings oor materiaalontwikkeling vir skole en samewerking in belang van Christelike onderwys

- H.J. Hayes

Voor nuwe uitdagings gestel

Grondliggende werk op die vlak van die skoolonderwys is die afgelope jare deur ons Vereniging gedoen, veral sover dit vakmateriaal-ontwikkeling in sekere vakgebiede/ leerareas betref. Die vordering daarmee het ons nou by die punt gebring het dat slegs noodsaaklike afhandelingswerk op verskeie fronte nog gedoen moet word, ten einde die materiaal aan skole beskikbaar te kan maak. Die kritiese vereistes behels egter dat veel vinniger vordering gemaak word met bepaalde uitstaande fasette in onderskeie vakgebiede/ leerareas, ten einde in 'n posisie te kan kom waar 'n groot-skaalse bemarkingsaksie geloods kan word, ter bereiking van 'n veel groter teikenmark as wat tans die geval is. Aan die basis hiervan is die dringendheid aan groter befondsing, sodat geskikte (onderwys)kundiges as medewerkers gekoöpteer en na behore vergoed sal kan word, asook aan groter infrastruktuur, ten einde die bekendstelling en bemarking van Christelike vakmateriaal te optimaliseer. Die onmiddellike behoeftes sluit in die:

- (i) lewensbeskoulige integrering, sover dit Afrikaans (grade 9-12) betref,
- (ii) illustratiewe verryking van Bybelonderrig (grade 1-12), en
- (iii) identifisering en beskikbaarstelling van gekeurde Geskiedenis-

leerstof met, waar nodig, die verwerking daarvan; asook

- (iv) dat 'n effektiewe en volhoubare bemarkingsaksie met wye trefkrag van stapel gestuur word, ten einde 'n veel groter aandeel in die teikenmark op onderwysgebied te kan verower, deur die beskikbaarmaking van hoogs mededingende vakmateriaal, ter wille van die bevordering van Christelike onderwys.

Vervolgens word, vanweë die behoefte om 'n groter impetus aan die werk wat aan die verderaan vermelde vakmateriaal gedoen moet word, asook die broodnodige organisasie- en skakelwerk wat in Pretoria en omstreke hervat moet word, aanstellings in (waarskynlik) Bloemfontein en Pretoria van geskikte persone benodig. In die eersvermelde geval sal dit 'n persoon met dryfkrag en gefokusdheid moet wees, wat die beplanning en koördinerende van die werk aan die vakmateriale deurlopend behartig, en in die tweede 'n persoon wat die Pretoria-tak sal moet heraktiveer, en met kundiges moet skakel, met die oog op medewerkerskap sover dit kurrikuleringsaangeleenthede betref, asook die aanbod van toerustingsgeleenthede. Die behoefte kan dus soos volg saamgevat word:

- Die instandhouding van 'n deelydse pos in –
- (v) (waarskynlik) Bloemfontein, ten einde die voortgesette ontwik-

keling en ontginning van geïdentifiseerde vakmateriale te beplan en te koördineer; en

- (vi) Pretoria, ten einde onontbeerlike organisering en skakelwerk met medewerkers in belang van die aktivering van die tak en bystand met die projekte te onderneem.

Beskikbaarstelling van vakmateriaal van 'n Christelike begroning

Die geïdentifiseerde behoefte binne die VCHO dat met die beskikbaarstelling van vakmateriaal van 'n Christelike grond- en inslag vir Afrikaans, Bybelonderrig en Geskiedenis vinniger vordering gemaak word, het tydens die dagbestuur se vergadering van 27 Junie onder bespreking gekom. Dit wentel daarrondom dat 'n groter poel van (onderwys)kundiges betrek en geaktiveer sal moet word, wat met die oog hierop na behore vergoed sal kan word, sodat die bereiking van die gevisualiseerde doelwitte bespoedig kan word. Ten einde die begeerde teikenmark te kan betree is die vroeë afhandeling van die lewensbeskoulige integrering tans, sover dit Afrikaans aangaan, 'n saak van dringendheid, maar eweseer is dit nodig dat aan bepaalde aspekte van Bybelonderrig en Geskiedenis aandag gegee word. Eksterne mede-

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

werking kon tot dusver slegs op beperkte skaal behaal word, deur ondermeer van die gewaardeerde hulp van medewerkers te Potchefstroom gebruik te maak, sover dit Afrikaans en Bybelonderrig betref. Die Bybelonderrig is reeds na fase 2 opgegradeer, maar daar moet dringend aan fase 3 begin werk word. 'n Verskerpte poging tot koöptering van (onderwys)kundiges in veral die groter sentra word derhalwe in vooruitsig gestel, maar hiervoor word fondse benodig. Die bestaande werksmetode beskik nie oor genoegsame kapasiteit om 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe resultaat met die verlangde trefkrag betyds te kan lewer nie, terwyl die tydspek van kritieke belang is. [Die dagbestuur het na indringende bespreking hieroor hieroor besluit dat die saak na 'n punt geneem moet word wat selfstandige samewerking van verskeie geskikte deelnemers sal bevorder. Die idee dat 'n finansiële lewenskragtige organisasie wat hom, soos die VCHO, aan die grondslag van die Woord gebonde ag, genader word, ten einde die moontlikheid van substantiewe betrokkenheid te ondersoek, met wie in projekgerigte samewerking getree kan word, het by die dagbestuur ontstaan. Vir die dagbestuur is die kwessie van samewerking met geesgenootlike instansies van dusdanige belang dat besluit is om dit na die hoofbestuur te verwys, wat tydens sy vergadering van 4 Julie deeglike oorweging daaraan gegee het.](#)

Vakmateriaal van 'n hoogstaande akademiese standaard, gepaard met die Christelik-lewensbeskouslike geïntegreerdheid

Die hoofbestuur het tydens verskeie afgelope vergaderings die mededelings van die sameroeper van die komitee vir vakmateriaalontwikkeling, in verband met die besonder goeie vordering wat met gemelde vakgebiede/leerareas gemaak is, aangehoor. Die finale beskibaarmaking aan skole het egter 'n kritieke punt bereik, omdat die lewensbeskouslike integrering van veral die Afrikaanse vakmateriaal en die bemarking daarvan oor 'n breë front

aan bande gelê word. Geskikte kundiges kan nie betrek word nie, omdat die nodige fondse ontbreek, en daar gevolglik nie vinnig genoeg vordering gemaak kan word nie. Hierbenewens word 'n persoon met dryfkrag benodig om die nodige aksies te beplan en die afhandeling daarvan te koördineer. Die VCHO wil die werk verbode aan die onderstaande leerareas, indien moontlik, in 2009 tot voltoering bring, sodat dit so spoedig moontlik aan openbare en privaatskole beskikbaar gestel kan word.

Afrikaans, grade 9 tot 12

[Die basiswerk van die Afrikaans vir grade 9 tot 12 is tydens die hoofbestuur se vergadering in Julie ter tafel gelê. Die akademiese standaard daarvan word as vergelykbaar met die beste wat daar tans in die mark beskikbaar is, beskou. Die werk is in oorleg en in samewerking met die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys \(BCVO\) gedoen, en is op die kurrikulum geskoei. Daar is reeds sommige skole wat sedert die begin van 2007 wel van die Afrikaanse vakmateriaal gebruik, waar onderwysers onderleg is in die Christelike lewensbeskouing. Die crux van die saak is egter dat die VCHO oor uiters geskikte vakmateriaal vir Afrikaans beskik wat ten duurste ontwikkel is, aan al die vereistes van die kurrikulum voldoen, van 'n hoë akademiese standaard is, en dit in die finale instansie die geïntegreerde Christelike lewens- en wêreldbeskouing sal bevat, maar dat dit tans slegs deur 'n uiters beperkte mark opgeneem word, waar daar oënskynlik min verdere beweegruimte vir bemarking bestaan, weens 'n beperkte leerlinggetal. Teen hierdie agtergrond gesien, word, vanweë die uiters beperkte skaal-verspreiding van hierdie materiaal, tans nie reg laat geskied, gemeet aan die besonder hoë inset wat in ontwikkeling ingegaan het, aan die benutting daarvan nie, en bestaan daar genoegsame gronde om aan te voer dat dit na veel hoër vlakke van verspreiding geneem moet word. Die noodsaak, vanweë die heersende onderwyssituasie, dat met hoë akademiese standaard vakmateriaal van 'n Christelik-lewensbeskouslike grond- en inslag na die breër teikenmark gegaan word, word egter tans juis deur](#)

die voldoening aan laasgenoemde vereiste in die wiele gery. Indien die VCHO 'n verskil in die heersende onderwyssituasie wil maak, sal hy vakmateriaal waarby die lewensbeskouslike geïntegreer is moet kan lewer, met die oog waarop toereikende bronne van befondsing en kundigheid gevind sal moet word. Hierdie twee vereistes, naamlik hoë akademiese standaard, gekoppel met lewensbeskouslike geïntegreerdheid, word as die kritiese vereistes vir die verowering van die breë teikenmark beskou. Die volgende belangrike gesigspunte is voorts tydens die hoofbestuur se vergadering gestel:

- (i) Teen die agtergrond van die heersende tydsgees wat onvermydelik na die onderwys deurwerk, waar daar nie meer met die Bybelse openbaring rekening gehou word nie, is dit uiters noodsaaklike werk wat hier gedoen word.
- (ii) Die spesifieke uitkomst soos in die leerplan vereis, moet deel word van die letterkunde en taal-leer, en wel vanuit die Christelike perspektief gesien.
- (iii) Openbare skole mag nie vergeet word nie, en daar moet by die besondere leefwêreld van die leerling aangesluit word. Die oogmerk moet wees om die onderwyser te bemagtig.
- (iv) Die behoefte aan voltydse bemarking is geïdentifiseer, vir welke doel 'n geskikte persoon gevind en besoldig moet kan word.
- (v) Daar is 'n dringendheid dat die profiel van aktiwiteite verhoog word, in die lig van verskeie projekte wat nou bestuur moet word. Die noodsaak dat materiale so wyd moontlik bemark en beskikbaar gestel word, word deurentyd beklemtoon.
- (v) Dit is gestel dat binne die raadsplan van God dit so bepaal is dat daar ouerlike begeleiding sal wees – dit is 'n ouer-kindverhouding waar vorming met behulp van ouerbegeleiding plaasvind. Die vraag is: hoe skakel ons ouerlike toerusting hierby

Vervolg op bl. 18

Die Bybel en -/onderrig

Leerlinge en ouers oor die Bybel

Op bl. 5 van hierdie uitgawe verskyn daar 'n artikel van prof. Jordaan oor die Bybel in die skool/ onderwys, wat die neerslag is van 'n insiggewende ondersoek aan verskeie bekende openbare en private skole wat landswyd deur hom onderneem is, waarin leerlinge en ouers oor die betekenis van die Bybel vir hulle lewens en die onderwys uitgevra was, en hulle antwoorde daarop, met hul toestemming, in hierdie uitgawe van ons tydskrif gepubliseer word. Prof. Jordaan lewer in 'n derde aflewering in hierdie reeks kommentaar oor die bevindinge van die ondersoek, wat in ons volgende uitgawe sal verskyn. Dit sal onvanpas wees om sy kommentaar hierop vooruit te loop, derhalwe word hierin slegs met enkele opmerkings volstaan.

Nuwe kurrikulum vir Bybelonderrig

Tydens die onderwysbedeling voorafgaande aan 1994 was die gewese nasionale departement van onderwys in die proses om 'n nuwe kurrikulum vir Bybelonderrig te ontwikkel, wat bestem was om gedurende die laaste kwart van die afgelope eeu in openbare skole geïmplementeer te word. Teen die tyd van die oorgang op staatkundige gebied was Bybelonderrig as erkende skoolvak by talle openbare skole in gebruik. As gevolg van die veranderde onderwysbedeling wat daarna in werking getree het, het die besture van baie van die openbare skole besluit dat met Bybelonderrig as skoolvak weggedoen moes word, veral ook omdat daar geantisipeer was dat die nuwe onderwysowerheid Bybelonderrig sou afskaf. Dit het nogtans etlike jare geduur, alvorens die onderwysowerheid amptelik standpunt teen Bybelonderrig as skoolvak begin inneem het.

Posisie van Bybelonderrig in die gedrang

In werklikheid het die posisie van Bybelonderrig in gedrang gekom met

die aanvaarding van die nuwe onderwyskurrikulum ná die oorgang, waarin dit glad nie onder enige leerarea opgeneem was nie. Skole wat steeds met Bybelonderrig wou voortgaan het dit buite-kurrikulêr moes aanbied, en daar is inderdaad openbare skole wat dit so gedoen het, omdat die besture geoordeel het dat dit 'n ononderhandelbare plek in die onderwysprogram inneem. Hulle standpunt oor die handhawing daarvan as leerarea/ vakgebied is daarop gebaseer dat, terwyl die Bybel as Woord van God-Drieëinig onder geen omstandighede uit die onderwys weggeneem mag word nie, Bybelonderrig wesenlik deel van die vakonderrig sal uitmaak.

Waar die Bybel as die primêre en universele Bron van gesag oor die menselewe gestel is, op grond waarvan alle handel en wandel in ons elkedagse lewe beoordeel, bepaal en gerig word, ontsluit Bybelonderrig die noodsaaklike kennis in verband daarmee aan ons kinders, sodat hulle in staat sal wees om te kan onderskei, veral sover dit die kritiese evaluering van waarde- en kennisinhoud aangaan. Van nature sal ons kinders nie in staat wees om hierdie kritiese onderskeidings te kan tref nie, sodat ons moet verwag dat daar waar die Bybel nie meer sentraal in die onderwysprogram geïnkorporeer is nie, dit uiteenlopende benaderings van wat as goed, reg en waar deur hulle aangeneem kan word, tot gevolg sal hê. Die skool is immers die plek waar hierdie inhoud gesistematiseer en gespesialiseer aan ons kinders en jongmense meegeleer word, waartydens konsepte van 'n lewensbeskouwlike aard deur hulle gevorm word, of dit nou al die bedoeling van die onderwyser is of nie – dit gebeur. Die onderwyser wat sy/haar aanbieding vanuit die Christelike oortuiging doen, is en sal egter op hierdie vormingselement van die konseptualisering bedag wees, om

dit volgens Bybelse uitgangspunt te rig en te stuur. Wanneer die Bybel as die sentrale kennis- en gesagsbron in die skool figureer, sodat dit as die ewige en onveranderlike Woord van God die inrigting van die totale onderwysprogram, waarby die leerareas/ vakrigtings inbegrepe is, bepaal, werk dit ondersteunend tot die Christen-onderwyser se taakuitvoering en bydraend tot die uitbouing van die Christelike etos. Daar waar die Bybel nie in die skoolopset erken word nie, ontbreek dit aan hierdie basiese benadering tot onderwys en plaas gevolglik die Christen-onderwyser in 'n baie moeilike situasie, benewens dat ons kinders en jongmense daardeur van lewensbelangrike toerusting gestroop word.

Herstel van die Bybelse gesag

Die histories-onontwykbare uitdaging binne die Suid-Afrikaanse onderwys en samelewing setel daarin dat die gesag van die Bybel as sodanig erken en herstel word. Belangrik in hierdie proses van voortdurende reformasie is dat dit hartgrondig sal wees. Dit moet met ander woorde die uitvloeisel wees van 'n egte en opregte terugkeer tot die Here, waarin sy soewereine heerskappy en mag oor die totaliteit van ons lewens bely word. Die noodwendige gevolg sal dan wees dat daar gevra sal word na wat Hy in sy Woord aan ons geopenbaar het betreffende Homself, die mensheid en die skepping wat die werk van sy hande is. Hieruit voortspuitend volg dat die kennis/ leerinhoud van die leerareas/ vakgebiede dien-ooreenkomstig uitgewerk word om aan die eise van die Woord te beantwoord. Die ware toets vir ons gehoorsaamheid aan die Here en sy Woord word daarin gevind dat die beginsels en norme in die inrigting van die skool en samelewing weerklank vind in ondermeer die wyse waarop die leerareas/ vakinhoud ingeklee, saamgestel en aangebied word.



'n Belangrike jaar in vele opsigte


Onder van die belangrike gebeure wat DV in 2009 herdenk sal word, tel ondermeer die 500-jarige herdenking van die geboortjaar (10 Julie 1509) van die hervormer, Johannes Calvyn, wie se nalatenskap, soos veral in sy *Institusie van die Christelike godsdiens*, so 'n diepgaande uitwerking op die gang van die geskiedenis van die wêreld gehad het. Die Calvinistiese lewensooruiging, as die grondnoemer waaronder die gereformeerde geloofsen lewens- en wêreldbeskouing, danksy die werk van hervormers vanoor die wêreld heen, tuisgebring word, het sedertdien sy invloed wêreldwyd laat geld, ten spyte van onverbloemde teenstand vanuit die geleedere van die anti-hervormingsgesindes. In ons volksbestaan het gereformeerdeheid hom as die oorheersende lewens- en wêreldbeskouing gevestig, danksy die besondere religieus-historiese faktore wat met ons volksvorming en -ontploffing verband hou, en in die totstandkoming en voortgang van die VCHO was dit deurgaans van beslissende betekenis.

2009 is ook die 150ste jaar sedert (1859) die verskyning van Charles Darwin, se werk: *Origin of the species*. Darwin se evolusiehipotese kan as verteenwoordigend van die teenpool van die reformatoriese lewens- en wetenskapsbeskouing gesien word. Tog het hierdie antiteitiese wetenskapsbeskouing (evolusionisme) daarin geslaag om 'n vas-trappek in Suid-Afrika te verkry,

danksy die werk van protagoniste aan verskeie van ons universiteite, ten einde as 'wetenskap', hoewel spekulatief, 'n staanplek in die akademiese wêreld te verwerf. Die gevolge daarvan vir 'n land soos Suid-Afrika moet nogtans nie onderskat word nie, deurdat die eerste rimpelings van 'n vrysinnige wetenskapsbeskouing alreeds vroeg in die vorige eeu waarneembaar was, gedagtig aan die akademiese landskap van die 30-erjare.

Die volgende kongres van ons Vereniging sal DV in 2009 aangebied word, kragtens die reglement. Die hoofbestuur het in die lig van bostaande geoordeel dat oorweging gegee moet word aan 'n kongres waarin die betekenis van grondige hervormingswerk, ooreenkomstig die Bybelse openbaring, teenoor die hipotese van 'n evolusionêre verklaringsgrond vir die kosmologiese werklikheid, opgeveeg moet word, volgens die motief: tese-antitese. Dié twee religieus-lewensbeskoulike teengesteldes, stel 'n besonder interessante kombinasie vir 2009 se kongresinkleding daar, ten opsigte waarvan dit as 'n uitstekende geleentheid gesien word om die lewenskrag daarvan in ons heersende tydsomstandighede te ondersoek. Die kongres kan in hierdie opsig as 'n goeie barometer dien om te bepaal hoe sterk die religieuse invloed, diepgang en reikwydte van hierdie twee lewensooruigings in 'n land soos Suid-Afrika tans daar uitsien.

By daardie geleentheid wil daar ook aan die opkoms van 'n ateïstiese wêreldbeskouing wat 'n nuwe wetenskapsbeskouing tot gevolg het, aandag gegee word. Waar die eerste aanduidings reeds daar is dat daar 'n soeke is na nuwe antwoorde op vraagstukke wat tot dusver grootliks onbeantwoord gebly het, omdat die religieus-afvallige wetenskapsbeskouing, waarvan ondermeer die evolusionisme, in gebreke gebly het om die antwoorde te verskaf, asook die ontnugtering met wat as uitgediende wetenskapsbeskouings bestempel kan word, ingetree het, word dit almeer duidelik dat die oplossing in die rigting van wat in hierdie stadium as die holistiese wetenskapsbeskouing aangedui kan word, gesoek word. Dit sluit in sekere opsigte by die Smutsiaanse filosofiese standpunt aan, wat op die beginsel berus dat die geheel meer is as die som van die dele. Die heelal word as 'n geheelheid wat uit 'n groot aantal geheelhede bestaan, gesien. Geheelhede kan, bv., atome, lewende organismes, persoonlikhede, gemeenskappe ens. behels, en die klem val op sintese en die skeppende vermoëns binne die geheel. So 'n wetenskapsbeskouing het sonder twyfel implikasies vir die Christelike lewensooruiging, waaraan ook tydens die kongres aandag gegee wil word. Van ons hoofbestuurslede het reeds ver gevorder met navorsing hieroor, waarvoor in 'n volgende uitgawe meer gesê sal word. 



Die evolusionis, Charles Darwin



Die hervormer, Martin Luther

Samewerking tussen VCHO en AROS in belang van Christelik-gereformeerde onderwys

Samewerking tussen die VCHO en AROS, ter wille van die verwerkliking van Christelike onderwys in die praktyk, kan as een van die hoogtepunte van die afgelope jaar se werkprogram uitgelig word.

Dit volg na verskeie gesprekke met studente en voornemende onderwysers die afgelope twee jaar of langer. Ten einde hieraan verdere beslag te gee, het 'n belangrike beraad tussen dié twee instansies in September in Pretoria plaasgevind, waartydens aan die volgende sake aandag gegee was:

(i) Daar moes bepaal word of daar wel 'n behoefte aan 'n kursus wat ondermeer die terrein van die Reformatoriese filosofie betrek, bestaan, en vervolgens wat alles in sodanige kursus geïnkorporeer moet word.

(ii) Verder moes op die verantwoordelikhede tussen die twee instansies besluit word, ten einde die samewerking na behore te formaliseer.

(iii) Laastens moes bestekopname geneem word van werk wat reeds in hierdie verband gedoen is, en wat in die samestelling van die kursus verreken kan word.

Dit word verwag dat daar in 2009 reeds meer as 200 onderwysstudente aan AROS ingeskryf sal wees, wat dan reeds minstens 'n halfjaar-module van so 'n kursus sal kan volg. Alle aanduidings bestaan dat

daar tans ook genoegsame belangstelling van buite AROS vir hierdie kursus bestaan. Dit tref dus ook vir diensdoenende onderwysers in die openbare onderwysbedeling voorsiening, ter wille van die Christelike toerusting en verryking.

Baie werk oor die grondslae van Christelike onderwys oor 'n tydperk van ongeveer 30 jaar of langer is reeds gedoen, wat bloot hersien sal moet word met die oog op die heersende behoeftes, maar dit moet ook in die moderne idioom verpak word, d.w.s. daar is heelwat skryfwerk wat met die oog hierop gedoen sal moet word.

'n Aantal temas wat in die kursusontwerp ingesluit sal word is tydens gemelde vergadering identifiseer, wat met die oog op die geïdentifiseerde behoeftes verder ontwikkel moet word. Daar was tydens die beraad besondere aandag aan die belang wat 'n Christelike onderwysfilosofie in so 'n kursus behoort te hê, asook aan die volgende aspekte gegee: empiriese wetenskapsleer na sy historiese dimensie, die grond van die waarheid, metodiek/ metodologie, die Bybelse skeppingsleer, die vraagstuk van reduksionisme en die uniekheid van die Westerse filosofiese beskouing.

Daar word van die veronderstelling dat dit nie streng akademiese opleiding sal behels nie, uitgegaan, aan-

gesien die kursusontwerp praktykgerig moet wees.

Dit word as 'n gesamentlike produk van die AROS en VCHO ontwikkel.

AROS is 'n onafhanklike private akademie wat in 2003 gestig is. Dit bied 'n volledige vierjarige B.Ed.-graad, wat akkreditasie van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit het, aan. AROS is tot Christelik-normatiewe onderwys verbind en bied hierdie kursus reeds op basisvlak vir voornemende, sowel as diensdoenende onderwysers in die Christelike geloof aan. Die volgende is hierby ingesluit:

- die belang van 'n Bybelse mensbeeld vir die onderwyspraktyk;
- wat Christelike onderwys, skole en onderwysers is;
- 'n Christelike kurrikulum en metodiek;
- orde en dissipline in 'n in-sondegevalle wêreld;
- evaluering vanuit Bybelse perspektief;
- die taak van 'n Christelike skool in die gemeenskap;
- die taak van die beheerliggaam, hoof en onderwyser; en
- elke vak/leerarea vanuit Christelike perspektief beskou

Belangstellendes kan AROS in Pretoria skakel by tel. 012- 332 3227/8 of e-pos by ap.aros@lantic.net 

Ons lesers se aandag word graag daarop gevestig dat die kongres van 2009 bepaal is om DV op 18 Julie plaas te vind, waarskynlik in Pretoria of omgewing, vir welke doel u gevra word om die datum nou reeds te reserveer. Nadere besonderhede sal in die eerste semester van 2009 bekendgemaak word. Kyk ook die berig op bl. 16. - Red.

Ons lede word daarop attent gemaak dat herinneringskennisgewings wat aan u gepos word, met die oog op ledebydraes, nog geruime tyd lank die kantoor se vorige tel.- en faksnr's sal bevat, totdat die voorraad uitgeput sal wees, waarna die nuwe besonderhede aangebring sal word. Dit is bloot om drukkoste te bespaar. U word egter gevra om asb. die nuwe tel.- en faksbesonderhede wat telkens agterop ons blad aangebring word te gebruik wanneer met die kantoor geskakel word, aangesien die ou nommers nie meer in werking is nie. - Red.

Vervolg van bl. 17

aan? Groot erns moet met ouers se motivering gemaak word. Maniere moet bedink word hoe om die ouer te bereik. Dit is 'n saak wat ten nouste met Christenskap saamhang.

Bybelonderrig, fase 3

Die VCHO is enkele jare gelede in 'n posisie gestel om die kurrikulum vir Bybelonderrig vir grade 1 tot 12 wat vroeër op koste van die destydse Departement van Onderwys vir die model C-skole ontwikkel was, te bekom, met die oog op die benutting en verspreiding daarvan. Fase 1 het die konsolidering en redigering behels. Fase 2 het 'n opgradering behels, met die oog daarop om die reformatoriese grond- en inslag op standaard te kry. Hierdie opgegradeerde weergawe van die Bybelonderrig is gedurende 2007 met die hulp van 'n Potchefstroomse medewerker nagegaan vir 'n kritiese evaluering, met die doel om vas te stel of die gereformeerde denkvlyn konsekwent in die leerstof wel na behore geïntegreer is en gehandhaaf word. Die opgegradeerde kurrikulum is tans op laserskyf beskikbaar en word na skole versprei. Dit handel fase 2 van die ontwikkeling af, wat die Afrikaanse weergawe betref.

Die Engelse ekwivalent word tans aan die hand van die Afrikaanse weergawe (fase 2) opgradeer, ten einde dit in 2009 gereed te kan hê vir veral Engelse privaatskole. Sodra dit gereed is kan, soos vroeër deur die hoofbestuur besluit, met die Sothoen Tswana-weergawes begin word. Daar is 'n hulpvaardige afgetrede dominee in die omstreke van Kaapstad wat hom hiertoe bereid verklaar het.

Met fase 3 van die ontwikkeling moet binnekort (vroeg 2009) 'n begin gemaak word, wat die verryking d.m.v. illustratiewe en ander insetsels sal behels. Daar is reeds met die versameling van illustratiewe materiaal begin. Die verryking van die bestaande materiaal sal egter aan een of meer kundiges opgedra moet word, wat op 'n voltydse basis daarmee sal kan voortgaan.

Geskiedenis-leermateriaal

Die geskiedenisprojek moet in die geheel beskou word van dit wat tans met vrug deur skole gebruik kan word, dit wat beskikbaar gemaak kan word vanuit bronne wat oor geskikte materiaal beskik, wat bv. videomateriaal en klankopnames insluit, en dit wat tans in proses is om beskikbaar gemaak te word. In bespreking hieroor het dit na vore gekom dat, alhoewel daar onder die beskikbare materiaal baie goeie leerstof bestaan, dit ongelukkig en ten nadele nie deur die openbare skole gebruik word nie. Instansies en individue is, byvoorbeeld, in besit van boeke, klankopnames en beeldmateriaal, wat met groot vrug na die skole teruggebring behoort te word. Daar is uitstekende materiaal wat net so deur skole gebruik kan word, maar 'n spesiale poging sal aangewend moet word om dit te bekom en te bemark, omdat dit nie meer in die handel aangetref word of geredelik beskikbaar is nie.

Met behulp van 'n substantiewe lening wat onlangs deur die VCHO beskikbaar gemaak is word die reeks, *Die erwe van ons kinders*, tans uitgegee. Die tweede en derde boekies in die reeks wat oor "Kinderhelde" handel, het onlangs verskyn. Daar sal egter 'n voortgesette doelgerigte poging aangewend moet word, ten einde die mees geskikte bestaande bronne te identifiseer, die verkryging daarvan te finansier en dit gekoördineerd vanaf 'n sentrale verspreidingspunt aan skole beskikbaar te maak. Met die oog hierop sal, deur middel van 'n sterk en wydverspreide bemarkingsaksie, ouers en skole hiervan bewus gemaak en aangespoor moet word om die materiale te bekom.

Lewensoriëntering e.a. leerareas

Soos geïnkorporeer in die projekgerigte samewerking tussen die VCHO en die BCVO, was e.g. sedert 2006 betrokke by die aanvoorkom om die leerarea-verryking, by wyse van die Christelik-lewensbeskoulike integrering van leerinhoud, te doen. Daaruit het 'n evalueringfunksie vir die VCHO ontstaan, wat in sommige van die leerareas toepassing gevind het. Die VCHO was ondermeer instrumenteel in die verryking van die Le-

wensoriëntering, wat as 'n baie geskikte leerarea geag word om 'n Christelike lewensinstelling en -styl te kweek, en wat danksy veral die substantiewe bydraes van twee van ons hoofbestuurslede aan hierdie vereiste beantwoord. Op grond hiervan het die skryfwerk vir grade 9 tot 12 baie goed gevorder, sodat dit begin 2007 in Christelike privaatskole ingevoer kon word. Soos wat die inisiatief voortgesit, en daar van die ander leerareas geëvalueer word, word die behoefte aan geskikte medewerkers al hoe groter. Die vind van medewerkers veral in die Pretoria-omgewing, maar ook in van die ander groter sentra is tans 'n saak van dringendheid, wat andermaal die funksie van 'n sentrale skakelpersoon benadruk. Weereens word dit deur die verkryging en vergoeding van die regte kaliber medewerkers bepaal, aangesien hulle uit 'n skaars poel van (onderwys)kundiges in die Christelike tradisie gewerf moet word. Die behoefte dat van die ander leerareas dienoreenkomstig verryk word, word by die dag groter, solank as wat die sekulêre kurrikulum vir openbare onderwys voorgeskryf bly en nagevolg word.

Onderwyseropleiding en -bemagtiging

Die opleiding en bemagtiging van onderwysers, ten einde vir hulle Christelike roeping opgewasse te wees, hang ten nouste saam die roeping wat ons as volk het om op alle lewensterreine tot eer van die Here te lewe en te werk (vgl. die VCHO se missiestelling op die voorblad), met die handhawing van 'n Christelike beskawing in Afrika, asook die Afrikaner se voortbestaan as 'n Christelike volk aan die Suidpunt. Indien nie hierin geslaag word nie, sal dit daarop neerkom dat die Afrikaner sy roeping versaak, en hom moet gereedmaak om beskawingsverval tegemoet te gaan. Laasgenoemde scenario klop hoege-naamd nie met die gereformeerde grondslag van ons volksplanting en volksverlede nie, op grond waarvan ons onself moet afvra waarom geslagte voorouers bereid was om goed en bloed op te offer ter wille van ons gehoorsaming van die By-

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

belse opdragte, solank as wat ons volk erken en bely dat God-Drieëinig oor die lotgevalle van volkere beskik. Wat het intussen verander?

Die opleiding van onderwysers wat met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing toegerus is/ word, toon 'n ontstellende afname. Statisties gesproke sou met redelike sekerheid verklaar kon word dat tans minder as 'n optimistiese 10% van onderwysers in Suid-Afrika nog opleiding ontvang wat aan hierdie kritiese 'kwalifikasie' voldoen. Op navraag by een van die tradisioneel Afrikaanse universiteite is vasgestel dat die betrokke Skool vir Onderwys glad nie meer vir Christelike onderwysopleiding voorsiening tref nie, en ook nie oor 'n naamlys van geakkrediteerde Christenonderwysers beskik nie. Die harde werklikheid is dat Christelike onderwysopleiding nie meer op die agenda van ons voorste akademiese instellings figureer nie! Ons het egter nie net teenoor ons eie volk se nageslag 'n verantwoorde-

likheid nie – alhoewel dit die eerste toespitsing van die VCHO is, soos in ons missiestelling – maar ook teenoor andere, wanneer ons weer 'n keer ons bestaansdoel as Vereniging in oënskou neem.

In die lig van ons Christelik-gereformeerde geloofsoortuiging sou dit nie vergesog wees nie om te verklaar dat ons hierdie ongewenste verhouding van 1 tot 9 wil omdraai, sodat ons in Suid-Afrika 'n onderwysbedeling kan kry wat oorwegend – 90% as dit kan – op die Christelike grondslae en uitgangspunte berus. Toegegee dat dit 'n geweldige uitdaging bied, maar wat nie totaal buite ons bereik beskou moet word nie, mits dit op 'n beplande en doelgerigte wyse aangepak word.

Die VCHO was in die verlede meer as bereid om met instellings/ organisasies wat hulle vir die Christelike onderwysideaal beywer, mee te werk. Dit word o.a. deur die dokumentasie in ons jubileumgedenkblad gestaaf. Ons het ook uit ons pad gegaan om met liggame wat hulle vir Christelike onderwys in die praktyk beywer op

projekgerigte basis saam te werk. Die mees onlangse hiervan is die ondersteuning wat aan die BCVO gelewer is, ter verryking van leerareas, asook die informele samewerking met Aksie Reformatoriese Skoolonderwys (ARSO) en Aksie Reformatoriese Onderwysstudie (AROS). Dit is veral AROS wat in verband met Christelike onderwysopleiding genoem word, met wie daar onlangs goeie samewerking tot stand gekom het, tot die mate dat die punt bereik is waar Christelike onderwysopleiding binne AROS-geledere 'n nuwe fase betree, waar verdere kursusontwikkeling tans dringende aandag vereis (Kyk berig op bl. 17) Eweneens is dit die bedoeling dat vir studente aan tersiêre instellings die geleentheid geskep word om ter wille van die Christelik-lewensbeskoulike insigte 'n verdieping van hul studie te ondergaan, deurdat hulle in staat gestel word om 'n geakkrediteerde kursus te kan deurloop, waarvan sowel voornemende as diensdoenende onderwysers gebruik kan maak.



In die Wartburgse kasteel, waar Luther die Bybel in Duits vertaal het.



Luther se verhoor tydens die Ryksdag van Worms.

Die Protestantse staatsbeskouing en verset

Die kontensieuse vraagstuk: watter gronde kan as geregtig vir verset en in watter omstandighede, teen 'n staatsowerheid ingebring word?, het ten opsigte van die heersende Suid-Afrikaanse situasie uiters relevant geword. Trouens, die wyse waarop die voltrekking van owerheidsbesag soos dit deur die wetsgehoorsame landsburger beleef word, besig is om almeer op die spits gedryf te word, lei onvermydelik daartoe dat die universele krag en gelding van Skrifuitsprake soos ondermeer Romeine 13:1-7, Petrus 2:11-17, met Hand. 5:29 saamgelees, werklik betekenis verkry, wanneer aan die verhouding tussen staat en onderdaan in ons staatkundige bedeling oorweging gegee word. Tegelyk betrek dit die wese van artikel 36 van die *Nederlandse Geloofsbelofenis*, wat oor meer as drie eeue heen deur die kerke van gereformeerde oortuiging in Suid-Afrika bely en as sodanig erken word, om die posisie van staat en onderdaan aan te dui.

In 'n publikasie van die VCHO, wat vroeg in 2009 sal verskyn, word die Protestantse staatsbeskouing en verset behandel, waarin die gereformeerde standpunt op 'n uiters aktuele wyse, soos wat dit grondig en verantwoord uit die Bybel ontwikkel is, uiteengesit word. Lesers wat in hierdie publikasie belangstel kan hul besonderhede nou reeds aan die kantoor deurgee.




Kommentaar op Romeine

Die vertaling van Calvyn se kommentaar op die Romeineboek, wat sopas verskyn het, is die eerste in Afrikaans, nadat ons tot dusver slegs oor die Afrikaanse vertaling in verkorte weergawe van sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* van prof. Simpson e.a. beskik het. Hierdie Romeine-kommentaar in Afrikaans verskyn onder die pen van prof. Stefanus Postma, kenner van Latyn.

Die Romeine-kommentaar neem onder die magistrale skryfwerk van Calvyn 'n belangrike plek in, in dié opsig dat dit nie slegs sy eerste kommentaar op die Bybelboeke is nie, maar ook die metode van Skrifuitleg wat die reformatoriese benadering tot hede toe kenmerk, gevestig het. Calvyn was in daardie stadium slegs 30 jaar oud.

Die uitgee van die kommentaar is deur die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies, Bloemfontein, in samewerking met die Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom, bemiddel, en kan van die kantoor van die VCHO in Bloemfontein bekom word, teen 'n basisprys plus versendingskoste, wat R160 beloop (R150-00, indien dit direk van die kantoor afgehaal word). Tjeks vir hierdie doel moet aan die VCHO uitgemaak word. Alternatiewelik kan die inklusiewe bedrag in die VCHO se tjekrekening inbetaal word, waarvan die besonderhede soos volg is: ABSA Bank Loch Logan, tak nr 632-005, tjekrekening nr 470-910-011.



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carl-
tonville), Ds G. van Heerden (De Deur),
Prof R. Marè (Pretoria), Prof I.H. Horn
(Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr
H.G. Stoker (Pretoria), Prof E.J. van
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer
(Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria),
Prof J.A.E. Adendorff (Germiston),
ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr
A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes